Oordenking
4 Maart 2009

Verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?

Lukas 22:47-48: *Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen. Maar Jesus sê vir hom: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?"*

Nou, 2000 jaar later, is dit maklik om Judas te veroordeel. Min Christenmense het enige ander persoon meer veroordeel – in Nuwe Testamentiese tye en nou – as Judas se verraad, en het sekerlik ook goeie rede om dit te doen.
Judas gebruik 'n teken van respek en liefde vir jou onderwyser, 'n groet met 'n soen, en verander dit in 'n daad van kwaadwillige verraad. Dit was die gebruik in die tyd van Jesus dat dissipels hul rabbi met 'n soen sou groet om respek en onderdanigheid te betoon. Dit was baie soos 'n seun wat vandag sy pa sou soengroet.

Maar laat ons versigtig wees. Ons kan die skande van Judas se verraad beklemtoon as 'n plan waardeur ons onsself bedrieg, omdat ons dit ten alle koste wil vermy om die mate waarin Judas in elkeen van ons skuil, in onsself te konfronteer.

Wat sê ons in elk geval oor die teenstrydige boodskappe wat ons vir Jesus gee?
Verraai ons wat Jesus met groot respek as Verlosser en Here bely, Hom dan nooit nie? Miskien nie juis sigbaar en letterlik nie, maar pleeg ons nie verraad teen Hom en sy koninkryk in ons harte en in die gesindhede agter ons dade nie?

Hoeveel keer bely ons nie met uiterlike eerbied vir Jesus as Here nie - soen Hom soos Judas as leermeester, maar in ons hart versterk ons voortdurend weer en weer onsself as die werklik heer / baas van ons lewens?

Hoeveel keer het ons nie al vir Jesus aanbid nie – in woord en lied – en gesê dat ons in verwondering is oor sy groot offer vir ons is nie, en net daarna het ons Hom met ons mond - nie met 'n soen nie maar met woorde en gedagtes – opnuut uit ons siel en uit ons werke geban nie?

Verraai ons nie ook maar die Verlosser met 'n soen nie? Dit beteken immers om uitwendig respek, eer en ootmoed aan Hom te betoon, terwyl ons Hom met ons selfsugtigheid en valsheid weer en weer kruisig, want ons is volgens ons natuur eerder verraaiers, as stryders vir sy Koninkryk.

Natuurlik wil ons almal aan Jesus toegewyd wees. Ons is immers Christene. Maar as ons nadink oor die soen van Judas – gewaar ons nie dalk 'n Judas wat in ons hart wegkruip nie en wat ons versoek om Jesus en sy Koninkryk ter wille van ons persoonlike agendas, in die rug te steek nie?
'n Gees van tweedrag, 'n woord wat vertwyfeling saai, luiheid in die Koninkryk wanneer passie nodig is, 'n lawwe verskoning vir die skade wat ons aan die werk van Christus doen, wanneer diepe berou gepas sou wees: ja, ek moet erken, ek is ook in staat om my Heiland en Here met 'n soen te verraai!

"Here, al hou ek niks daarvan om dit te erken nie, is tog so dat daar 'n stukkie Judas in my skuil. Ek het al soveel beloftes aan U gemaak - sommige selfs met die kerk as getuie - net om dit weer alles oorboord te gooi deur die manier waarop ek lewe. Help my om te sien wanneer my woorde aan U dubbelsinnig en daarom verraderlik is. Maak my vry, o Heer, want die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Net U, Here Jesus Christus, net U alleen - Amen. "